**Donderdag 28 September**
**Skrifgedeelte: Matteus 10:26-31**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:29-31**
**Twee mossies vir ’n sent, ’n stuiwer of ’n assarius**

Die intensiteit van God se liefde vir sy kinders, vir almal wat aan Hom behoort, word hier met twee pragtige beelde beskrywe. Ons praat soms so ligtelik oor God se liefde, asof dit vandag en môre en elke dag daar sal wees. In die proses kyk ons die omvang en die intensiteit daarvan mis.

“Word twee mossies nie vir ’n stuiwer (AFR53), vir ’n sent (AFR83) en vir ’n assarius (AFR2020) verkoop nie? God sorg vir elke mossie in die natuur. Elke mossie, al is hulle so klein en gering, is vir Hom kosbaar. In ons geldstelsel weet ons dat ons met ’n sent niks kan koop nie. Jesus sê jy kan twee mossies vir ’n sent, twee mossies vir ’n stuiwer (halfpennie) of twee mossies vir ’n assarius koop. ’n Assarius was ’n Romeinse kopermuntstuk wat een sestiende van ’n denarius was. ’n Denarius was Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van ’n arbeider was.

Nie een van hierdie mossies wat so waardeloos is, sal op die grond val sonder sy wil nie. As Hy hom so intens besig hou met ’n mossie wat so min werd is, hoeveel te meer ontferm Hy hom nie oor sy kinders wat aan Hom behoort nie? So wonderlik sorg God vir ons.

Die tweede beeld: Selfs die hare op ons koppe is almal getel. Jesus wil met hierdie beelde vir ons as sy kinders verseker van sy intense liefde vir ons. Daar kom tye dat mense, ook bejaardes, soms so nutteloos voel. God sien my tog nie raak nie, of ek beteken niks voor Hom nie, word gesê.

Nee, God het jou so lief dat Hy sy Seun Jesus Christus gestuur om vir jou sondes te betaal, jou vir ewig onlosmaaklik aan Hom te verbind en om vir jou ’n plek in sy Vaderhuis te berei. Niks sal jou ooit van sy liefde skei nie. Hy vergeet jou nie!

*Sing: Psalm 84-1:2*

*Ds. PJ van der Walt (Pieter) (emeritus)*